Een sprong vir ...

Joan Hambridge

H.H. KRYNAUW
Eastern Cape Education Department

- Die maanlanding van 21 Julie 1969 is vertrekpunt vir gedig oor ’n liefdesverhouding.
- Gedig gaan oor afstandneem van die geliefde.
- Variasie op 3 bekende uitdrukkings in gedig:
  - *om iemand die hemel en aarde te beloof,*
  - *iemand kan na die maan vlieg en*
  - *glo die maan is van kaas gemaak.*

Strofe 1

1 Jy wil weet

2 waarom herstel ek nie –

3 want jy het my die maan,

4 sterre en uitspansel beloof.

Die ek-spreker spreek ’n afwesige “jy” aan. Die “jy” is ’n geliefde van wie die “ek” probeer afskeid neem.

Die geliefde vra aan die “ek” waarom die “ek” nie “herstel” nie.

Iemand die hemel of sterre beloof: mooipraatjies aan iemand vertel wat waarskynlik nie nagekom sal word nie, moeilik is om te glo

Die afwesige “jy” het die spreker die maan, sterre en uitspansel belowe.

Strofe 2

5 Jy stuur my na die maan

6 en à la Neil Amstrong beweeg

7 ek in die lugdrukvrye atmosfeer

8 karteer die kraters, die stil verwoesting

9 wat jy saai, plant ‘n vlaggie van rekapitulasie

10 (dis verby, dis verby, dis …) op die klein silw’rige planeet.

Die “jy” het die spreker in die steek gelaat - iemand na die maan stuur: iemand wegjaag

a la: op die manier; verwysing na hoe Neil Amstrong na die maan gereis het

teken die maan se kraters na

geen swaartekrag, kan in lug sweef; Die spreker beweeg as’t ware in ’n droomwêreld.

rekapitulasie = heroorweging

silw’rige planeet = vb. van intertekstualiteit vanuit NP Van Wyk Louw se gedig “Ons klein en silw’rige planeet”

Wat is die dieper betekenis van die metafoor in die laaste twee reëls van strofe 2? Waarna verwys die “klein silw’rige planeet?

Met die maanlanding het die ruimtevaarders (soos ontdekkers van ouds) ’n Amerikaanse vlag op die maan geplant om aan te toon dat hulle eerste daar was – ’n teken van kapitulasie / oorgawe. Deurdat daar egter in die gedig ‘n ‘rekapitulasie’ plaasvind, dui dit daarop dat sy weer terugneem wat hare was. Waarskynlik haar hart / haar liefde vir die gewese geliefde / haar lewe. Let op die verkleining van “vlaggie” . Wat dink jy beteken dit? Die “klein silw’rige planeet verwys na die maan en spesifiek na die kleur van die maan wanneer ons daarna kyk vanaf die aarde … dit is klein omdat dit so ver is. Weer eens word die verkleining gebruik, dui dit daarop dat die invloed / herinneringe aan die geliefde al hoe geringer word?

Strofe 3

lugskip = groot vliegtuig vir lugverkeer; Apollo 11 word metafories ’n “lugskip van glas” wat nou die poësie, die woorde is waarmee die spreker verslag doen.

11 Dan**k**sy die verbinding tussen my en die lugs**k**ip van glas

12 genaamd poësie, keer ek weer terug na die aarde,

13 wys my foto’s vir diegene wat wil sien,

14 neem stukkies maankors saam

15 en weet ná maande

16 die maan is hiér.

r.12-14 Herinneringe in die vorm van foto’s en stukkies maankors is die oorblyfsels van haar liefde.

r.15-16 Die spreker besef dat ’n mens nie op ander plekke of by ander mense jou heil/liefde hoef te soek nie. Jy kan dieselfde liefde en hartseer “hiér” kry. Die akuut op ná en hiér beklemtoon hierdie besef.

Strofe 4

17 Jy wil weet

18 waarom vergeet ek nie –

19 omdat ek weet die maan

20 is beslis nie van kaas.



r.17: Sluit aan by eerste kwatryn. Beide begin met “jy” en ’n vraag: ‘n aandagstreep en voegwoord lui die antwoord in. Beide kwatryne bevat ’n spreekwoord wat met die maan verband hou. In hierdie strofe kom die spreker tot die besef dat sy haar nie so maklik dinge kan laat wysmaak nie. Sy het as’t ware uit die liefdesverhouding iets geleer.

r.19-20: glo dat die maan van kaas gemaak is: jou enigiets wysmaak

Slot

Noem nog uitdrukkings wat te doen het met die maan, bv. Deur die maan getik wees = mallerig wees!